Kan *gewone* mense self God hoor?

***Nico Simpson** is leraar van Kruis, waar daarna gestreef word om 'n gemeenskap te skep waar mense met God en mekaar in gesprek kan tree.*

Ek het ewe braaf in die kerk afgekondig:

"As jy reg is dat God jou lewe verander, kom meld aan. As jy voel jy is by 'n oorgang in jou lewe en wil dit waag om jou roeping te leef … doen dit nou."

Dit is wat ons ons *100-dae projek* in die gemeente noem.

Ek het geweet ek gee baie hoog op. Ek belowe wat ék nie regtig kan gee nie.

Kan ek eerlik vir mense sê dat 90 minute elke derde week 100 dae lank hulle lewe gaan verander? Kan ek regtig so voorbarig wees om voor te gee dat ek 'n groep sal begelei wat die ruimte kan skep waar mense die fluisterings van die Gees kan hoor? Maar ek was braaf.

So, hier sit hulle nou om die tafel: *Christen-mense* gereed dat *dominee* hulle neem na plekke waar hulle nog nie was nie.

Daar is tien om die tafel. Borselkop is 'n voorman op 'n groot bouperseel. Hy draai 'n klein notaboekie met die swart buiteblad en die rooi rugkant om en om in sy hande. Hy was in 'n vorige kursus en ek weet hy is *bright*, leerbaar en baie konkreet. Sy vrou is ver swanger en onseker of sy hierdie kursus moet bywoon, maar ek het haar omgepraat.

Dan is daar die Prokureurtjie en sy vrou. Dit voel vir my hy is skepties, van die begin af – of is dit net my eie onsekerheid wat ek op hom projekteer?

"Ek sal maar kyk", is al hoe hy die vraag: "Wat is jou verwagtings vir die 100 dae?" antwoord.

Sy vrou neem haar geloof ernstig op en hoop om God te ontmoet. Ek wil vir haar sê: "Skattie, Moses kon nie 'n houvas op God kry nie. Wie is ek?" Maar ek glimlag instemmend en reflekteer haar woorde vir haar terug. Ek is vir eers veilig agter die spieël wat ek ophou.

Dan is daar die knaap wat landwyd vlieg vir sy werk. Hy is in logistiek vir uitvoere. "Sal wat ons doen vir hom goeie nuus wees?" wonder ek. Hoe maak ek geloof vir hom 'n werklikheid in Durban-, Port Elizabeth- en Kaapstad-hawe?

Die proses is eenvoudig. Ons vind elkeen uit wat God se roeping vir ons is. (Hoe moeilik kan dit nou wees vir die effens gespanne, obsessiewe Ma wat die kursus wil gebruik om deur haar *midlife* te kom?) Dan vat jy jou verstaan van jou roeping en vertaal dit in vier aksies wat jy vir die 100 dae oor en oor gaan doen. Dit sal jou lewe verander – of dit is ten minste wat die teorie sê.

Openingsvraag

Ek sit die openingsvraag op die tafel: "Waarmee is God besig in jou lewe en wat sal 'n gepaste reaksie daarop wees?" Ek verduidelik dat ons die vraag gaan antwoord totdat elkeen 'n helder lewensfokus het. Ek het voor die tyd al besef hulle gaan steierwerk nodig hê. 'n Mens antwoord nie sommer so 'n groot vraag uit die niet nie.

Almal begin invul aan die bladsy met drie kolomme wat ek hulle gegee het.

Die lewensfokus-vrae is: 1. Wat is my gawes? 2. Wat is my passies (wat geniet ek om te doen)? 3. Watter geleenthede kom oor jou pad om 'n betekenisvolle lewe te leef (behoeftes of nood)?

Ek kyk hoe hulle skryf en bid saggies in my hart: *Laat daar lig wees, asseblief.* Ek het niks anders saamgebring nie. Ek het nie lang toesprake oor roeping en die belangrikheid daarvan nie. Ek het nie Moses- en Josua- en Petrus-tekste wat hulle kan lees en oor gesels nie. Ek vertrou die Gees om vir elkeen duidelik te maak waarvoor om hulle lewe te gee. "Ek moet onthou om dit nie weer te doen nie", dink ek by myself.

Ná die skryf-aktiwiteit verdeel hulle in groepies van drie. Ek sit die siniese boekhouer by Borselkop se vrou en die *Midlife* Moeder. Logistiek kry die Fisio – wat tot dusver nog nie 'n woord gesê het nie – saam met die tiener wat ook besluit het om die kursus by te woon. Die orige drie maak 'n groep: Borselkop, Sweetie, die prokureursvrou en die Rekenaar *nerd* musikant.

Hulle praat lank en intens oor wat elkeen in die drie kolomme geskryf het. Ek loop rond en maak seker dat hulle die opdrag verstaan. Toe almal aan die gang is, glip ek die vertrek uit en gaan skep asem buite.

Is dit regtig waar dat God deur God se Gees met elke gelowige praat? Is dit moontlik vir *gewone* mense om hierdie stem te hoor? Moet ek nie maar méér praat nie? Moet ek nie vir hulle sê wat hulle moet hoor nie? Wat kan ek doen om dit nog méér toeganklik vir hulle te maak?

Daar is ’n lae vlak van angs oor my. As die Gees niks doen nie, val hierdie kursus plat. Dan gaan hulle vir almal sê hulle is op pad uit die gemeente uit. En dan gaan al die ander mense in die kerk ook deur my sien en ophou kerk toe kom.

Wat gebeur as ek een Sondagaand opdaag en dit is net ek en die *band* se leier, want sy lede wil ook nie meer aan ’n gemeente behoort waar die dominee nie weet wat God sê nie. Dalk besluit die twee lede van die kerkraad wat oor is, om my te *fire* en ek sal ’n koffiewinkel met my bietjie pensioen wat uitbetaal moet begin. En ek weet hoeveel koppies koffie jy moet verkoop voordat jy die water en elektrisiteit betaal … Ek is gedoem.

Ek haal diep asem en loop weer die vertrek binne. Hulle is nog daar en diep aan die gesels. Ek het nog ’n *job*, vir nou …

Nadat almal terug is in die kring, deel mense in die rondte met mekaar wat hulle ontdek het.

- “Ek kan mense uit-luister en patrone sien in wat hulle sê”, vertel Logistiek. “Ons is baie op die pad en ek kan hulle uit-luister en belang stel – in my bedryf is daar baie stukkende mense.” *Kan dit wees dat God jou roep om net daar te wees vir hulle?* wonder ek hardop. Dit lyk of daar bietjie lig in sy oë aangaan.
- “Ek hou van onthaal – van die beplanning tot by die kos maak”, is Fisio se bydrae. “Dalk kan God dít gebruik?”

So gaan dit aan, al om die tafel. **Gewone** mense met **gewone** lewens. Die aand eindig waar elkeen in ’n kort, enkel sin probeer verwoord waarvoor God hulle roep.

“Is dit regtig waar dat God deur God se Gees met elke gelowige praat?”

“Om die wêreld ’n beter plek te maak en sports te hê terwyl ek dit doen”, sê Prokureurtjie.

“God roep my om ruimtes te skep waar mense eerlik kan wees”, probeer die *nerd*.

Party se sinnetjie was klaar, ander het nog net ’n klomp vae woorde op papier gehad – en daarmee is ons uitmekaar vir die week.

Die volgende keer het almal soos met ’n AA-byeenkoms elkeen in die rondte sy of haar roepings-sinnetjie gesê: “Hello, ek’s *Midlife* Moeder” (oukei, dis nie haar regte naam nie!). “God roep my om te fokus op die mense wat nou in my lewe is en om na hulle te luister.”

“Hello, ek’s Logistiek en God roep my om betrokke te raak by die stukkende mense wat veral by my werk oor my pad kom.”

Dit was stap een. Nou lê die werk vir die aand voor. Ons moet die roeping oor-vertaal kry na gewoontes. Daarvoor vul hulle eers bladsy twee in en gesels dit weer in ander groepe van drie deur.

Drie gewoontes

Wat het jy al in die verlede gedoen (of oorweeg om te doen) wat jou **verhouding met God** verbeter het? “Ek skakel die radio af op pad werk toe en praat met God”, antwoord die Fisio. “Dit klink vir my soos *prayer walking”,* reageer ek – die enigste probleem is jy stap nie. “Dan maak ons dit *driving prayer*,” tjip een in.”

Wel, daar het ons een gewoonte wat sy die 100 dae kan doen. Nou moet ons nog net vasstel hoeveel keer sy dit moet doen voordat dit genoeg is. *Wat is die slaagsyfer?* wonder ek hardop. Elke rit? Elke dag? Een keer ’n maand? Ons eindig by: “Ek wil dit meer dae in die week doen as nie doen nie”.

“As ek stop en dink, raak ek bewus van God”, sê ou Borselkop. Ons luister hom uit en eindig by *centering prayer* as die ou kerklike tradisie se naam vir wat hy doen. Hy wil dit minstens een keer per dag doen. So werk ons deur almal se eerste dissipline.

Toe beweeg ons aan. Jou **verhouding met jouself**? Die hele proses begin weer van voor af. Elkeen vertel wat sy of hy kan doen om te werk aan hulle verhouding met hulleself. “Stap in die natuur, een keer ’n maand”, ontdek een. Rugoefeninge en dan leefblaaie (joernaal) elke dag”, is Sinies se oplossing. Ek verbeel my dat daar selfs in haar ’n klein vlammetjie loskom.

Die derde vraag gaan selfs nog vinniger: Jou **verhouding met ander mense**? Sweetie voel: “Om ander uit te luister en saam te bid”. Toe is ons tyd op en maak ons afsprake vir volgende keer. Ons moedig mekaar aan om minstens vir die volgende twee weke die gewoontes te doen wat reeds geïdentifiseer is.

Vierde gewoonte

Met die derde byeenkoms het ons weer ons AA-aktiwiteit en besluit ons op ’n vierde gewoonte – een wat my **verhouding met jou omgewing** sal heelmaak en voed. “Ek moet een keer ’n maand in die natuur kom en stil word. Ek wil van my professionele tyd gee vir mense wat mishandel word.”

Ons eindig die byeenkoms met ’n begeleide meditasie. Ek laat die mense deur hulle dag dink en indink hoe hulle die gewoontes kan doen.

Ná die amen sê die Prokureurtjie: “As ek dit begin doen, sal my lewe sin maak”.

“Ek kan sterf in vrede”, dink ek.

Wat nou vir ons voorlê, is om mekaar vir 100 dae – tot die gewoonte gevestig is –verantwoordbaar te hou vir die lewensveranderende gewoontes wat ons self gekies het.